## Johannes gee Zorel advies

**72** Na `n kort pouse sê Johannes vir Zorel: "Ek kan nie dadelik ontken dat jy nou met jou verstand dinge gesê het wat stellig nie heeltemal ongegrond is nie; maar hulle slaan bykans nie, of glad nie op jóu lewe nie, want jou siel was self nog altyd ver genoeg ontwikkel om die onegte van die egte te kon onderskei. As `n siel egter met `n skerpte, soos wat dit by jou die geval is, daartoe in staat is, dan sien sy ook die verskil tussen die goeie en die bose, en as sy dít kan, sondig sy teen haar eie kennis en haar gewete. **Wie egter teen sy kennis en teen sy gewete sondig, kan slegs deur ware berou en boete van die ou vuil van sy sonde gereinig word en in Elohim se guns kom.**

[2] Jy wil en sal `n beter mens word! Wíl jy dit, dan moet jy ook erken dat jy aan al dié erge dade self skuldig was; maar as jy dit gedoen het, dan lê dit nou ook in jouself om in te sien dat dit nie reg was om die skuld op `n ander af te skuif nie. Jy moet die skuld daarenteen by jouself soek en erken dat dit heeltemal by jouself lê en daaroor egte berou voel, omdat jy in alle opsigte baie goed besef het wat die ware en goeie is, maar met jou dade die teenoorgestelde gekies het.

[3] Ja, as jy glad geen enkele idee van enige suiwere waarheid, en dus van die goeie, in jouself sou gevind het nie, jou daarenteen slegs in `n duister bygeloof bevind het, gestaaf deur jou hele lewensfeer, dan sou jou dade - ook al was dit op sigself voor die regterstoel van die suiwere verstand hóé boos - jou nie as skuld toegereken word nie. Dan sou jy dus net so vry van sonde gewees het as jou mensgeworde tier en rotsblok, en niemand sou die reg gehad het om vir jou te sê: 'Verbeter jou, kry berou oor jou misdade en doen opregte boete sodat jy vir die ware Elohim aangenaam kan word!'

[4] Dan sou `n mens jou eers sorgvuldig al die ware moes bybring, jou die ware weg moes wys en jou vir `n tydjie daarop gelei het! As iemand, wat in hierdie waarheid volmaak onderrig sou wees, tog weer in sy ou verkeerde weë sou terugval en net so sleg sou handel as voorheen, sou hy wél sondig, omdat hy dan teen sy vaste oortuiging in sou gehandel het en sou hy sy gewete in groot onrus gebring het. Die beelde wat jy gebruik, deug daarom slegs vir mense wat net soos die diere nog nooit enige waarheid geken het nie. Maar jy is geen leek in die egte waarheid nie, jy ken dit daarenteen byna net so goed soos ek dit ken en jy het dit as sodanig ook al lank geken. En jou gewete het jou ook altyd by elke slegte daad van jou aangekla, maar jy het weinig aandag daaraan geskenk en het probeer om dit deur allerlei valse, verstandelike oorwegings te oorstem. Jy het ook altyd berou gevoel as jy iets slegs gedoen het teen jou oortuiging en jou gewete in, maar tot boetedoening en werklike verbetering het dit by jou tot op hede nog nie gekom nie.

[5] Elohim die Meester het jou daarom nou in groot ellende laat beland. Nou het jy niks; ook jou voormalige kollega in die slawehandel het jou in die steek gelaat en bevind hom nou al in Europa, waar hy sy aansienlike winste verteer. Jy staan nou hier naak en soek hulp. Dit sal jy ook kry; maar jy moet jou eers waardig maak deur self vrywillig die alleen ware en goeie in jou daaglikse lewe te begin toepas. Dan sal jy ook waaragtig geholpe word, sowel vir die tydelike as die ewige.

[6] Bly jy in jou dade egter by dít waarvan ons beide weet dat dit foutief en sleg is, dan sal jy jou lewe lank ellendig bly. Hoe dit daarna in die hiernamaals sal uitsien, waar daar na die aflegging van die liggaam `n rein lewe sal volg, dit kan jou eie suiwer verstand jou goed duidelik maak as jy bedink dat hierdie tydelike lewe die saad is en die lewe in die hiernamaals die vrug.

[7] Saai jy `n edel, goeie saad in die grond van jou eie lewenstuin, dan sal jy ook edel vrugte oes. Stop jy egter distel- en doringsade in die grond van jou lewenstuin, dan sal jy eendag ook oes wat jy nou gesaai het! Want jy sal ook goed weet dat aan distels geen vye en aan dorings geen druiwe groei nie!

[8] Kyk, ek het jou nou nie geoordeel nie, maar jou maar net getoon wat jy hierna moet doen, en my woord oordeel nie hard oor jou nie en my manier van praat was sag! Neem my woorde ter harte, dan staan ek as vriend met my lewe daarvoor in dat jy beslis nooit in der ewigheid berou daaroor sal hê nie!"

## Die sug na kennis en die sug na genot

**73** Zorel sê: "Aha, op dié manier kan daar met my gepraat word. Dit klink eg menslik, en ek sal my alle moeite troos om dít te doen wat jy my as mens, maar nie as regter nie, sal sê. Beste vriend! Ek ken myself nou presies, my binneste lewenskern skyn nou nie juis die slegste te wees nie, maar my buitekant is oor die algemeen sleg! As dit moontlik sou wees om hierdie liggaam met sy slegte siele-aanhangsels heeltemal uit te trek en die inwendige lewenskern met `n beter vleismassa te omhul, dan sou ek `n prima mens gewees het, maar met my huidige liggaamsgesteldheid is niks aan te vang nie! Ek is nou natuurlik nie meer so `n erge booswig soos wat ek was nie, maar my vlees is nooit te vertrou nie. Dit bly tog merkwaardig dat al my dade, ook al lyk hulle hóé boosaardig, buite my wil gebeur! Ek word daar steeds asof toevallig by die hare bygesleep en wat ek eintlik wou, is die teendeel van wat gebeur! Hoe gebeur dit?"

[2] Johannes sê: "Ja kyk, die wil van die mens is tweevoudig: enersyds het die wil `n trek- of voertou van die kennis van die waarheid, wat altyd nogal swak

is, en `n trektou van die sinlike wêreld met haar verlokkende eise, wat deur allerlei gewoontes baie sterk en kragtig geword het. As die wêreld jou `n aantreklike happie voorhou met die moontlikheid om dit sonder baie moeite te bemagtig, dan begin die sterk tou dadelik aan die wilsimpulse van die hart te trek; as daar dan tegelykertyd ook getrek word deur die minder sterk tou van die kennis van die waarheid, dan het dit weinig of geen uitwerking nie, omdat van oudsher af die sterke nog altyd die swakke oorwin het.

[3] `n Wil wat iets tot stand wil bring, moet vasbeslote en ernstig optree en vir niks bang wees nie. Met stoïsynse onverskilligheid moet hy alle wêreldse voordele volkome koud laat en selfs ten koste van sy liggaamlike liggaam moet hy die verligte weg van die waarheid bly volg. Dán het die andersins so swakke waarheidsliefde sterk en kragtig geword en het dit die pure wêreldse wil van die gevoel en die genot volledig onderwerp. Dit gaan uiteindelik selfs heeltemal oor in die lig van die waarheidsliefde en dan het die mens in homself uiteindelik één geword, wat van die grootste belang is vir die innerlike vervolmaking van die onsterflike wese van die mens.

[4] Want as jy in denke, en in jouself, nie één kan word nie, hoe kan jy dan sê: 'Ek het die waarheid in al haar diepte en volheid onderskei!', - terwyl jy in jouself nog volkome verdeel is en dus vir jouself niks anders as `n pure leuen is nie? Die leuen is egter, vergeleke met die waarheid, niks nie, soos wat die donkerste nag niks is vergeleke met die helderligte dag nie. So `n nag ken geen lig nie en die mens wat in homself `n leuen is, kan geen helderligte waarheid onderskei nie, en daarom is by alle wêreldse mense, wat nog vol innerlike tweespalt is, die trek- en voertou van die waarheidsliefde so swak dat dit reeds met die geringste teenoorgestelde trekkie deur wêreldse genot buite spel gesit word en dus oorwin word.

[5] As die waarheidsliefde by die mense deur die drang na wêreldse genot vir altyd oorwin en onderdruk is, sodat daardeur ook `n soort eenheid in die duisternis van die innerlike mens ingetree het, dan het die mens geestelik gesterf en is sodoende `n in homself verdoemde. Hy kan vir ewig geen lig weer kry nie behalwe deur die vuur van sy growwe materie wanneer dit deur die druk van die begeertes ontvlam het. Maar die materie van die siel is baie meer vashoudend as dié van die liggaam en daar is `n baie kragtige vuur voor nodig om alle materie van die siel te verteer en te vernietig.

[6] Omdat `n siel haar egter so `n buitengewoon pynlike loutering nie uit liefde tot die waarheid of tot die lig sal laat welgeval nie, maar haar uit ou genot- en duistere heerssug daaraan soos `n Proteus* sal poog om te onttrek, daarom is `n mens wat in hierdie wêreld in homself één geword het in sy lewensnag, ook so goed as vir ewig verlore. *(*Seegod (in die Griekse godeleer) wat kan voorspel en allerhande vorme kan aanneem; `n onbestendige persoon: vertaler)*

[7] Slegs die mens wat deur sy energieke, verligte wil van die waarheidsliefde die wêreldse wil van die genotsug heeltemal oorwin het en so in die lig en in alle waarheid in homself `n eenheid gevorm het, is daardeur heeltemal lig en waarheid en dus ook die lewe self. Daarvoor is egter, soos wat ek jou al vroeër gesê het, `n waaragtige stoïsynse selfverloëning nodig - maar nie die hoogmoedige verloëning van julle Diogenes (Griekse god) wat hom meer en hoër geag het as `n koning Alexander wat van goud geblink het nie, maar die nederige van `n Henog, `n Abraham, Isak en Jakob. As jy dít kan bereik, dan sal jy in die tydelike en vir ewig gered wees; kan jy dit egter nie, en nie uit jou eie krag van die waarheidsliefde nie, dan is dit gedaan met jou en dan kan jy nóg aan hierdie, nóg aan daardie kant gehelp word. Ek is egter van mening dat jy deur jouself daartoe in staat is; want aan insig en kennis ontbreek dit jou nie. Wat sê jou innerlike gevoel nou daaroor?"